# Beklee jou met Jesus Christus



**2023-11-19 AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

1. Jesus se uitnodiging

2. Jesus se aanraking

3. Beklee jou met Jesus Christus

2

# 1. Jesus se uitnodiging

- Ons word moeg as ons ons eie juk van sonde en laste dra.
- Ruil eerder die juk wat jy dra vir Christus se juk.
- Christus se juk praat van liefde.
- Genade
- Dit is al hoe jy rus gaan ervaar.

Mat 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
Mat 11:29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;
Mat 11:30 want my juk is sag en my las is lig.


3

# 2. Jesus se aanraking

- Die skepping behoort na die Here te soek.
- Elkeen behoort te soek na Sy aanraking.
- Almal is uit dieselfde bloed gemaak.
- Daar was ook 'n bloedoffer nodig (Jesus Christus) sodat ons nou toegang het tot die Vader (ons Maker).

Hand 17:26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, 27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie

And He said to her, Daughter, your faith (your trust and confidence in Me, springing from faith in God) has restored you to health. Go in (into) peace and be continually healed and freed from your (distressing bodily) disease. (AMP)



4



5

## 3. Beklee jou met Christus

Rom 13:11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. 12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. 13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. 14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

- Besluit om dinge van die donkerte (sonde) te stop.
- Word wakker uit jou slaap.
- Trek klere van brassery, dronkenskap, twis en nydigheid uit
- Hoe moet jou siel aangetrek wees?
- Trek eerder wapens van lig aan. (Ef 6:13)
- **Trek Jesus Christus (die Lig) aan.** Dis 'n wapen.
- Geregtigheid * Genade * Vergifnis * Verlossing

6

# Die nuwe mens

Eph 4:22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,
Eph 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed
Eph 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.


- Nuwe natuur in Jesus Christus
- Word vernuwe in jou gees, jou gedagtes, jou hart.
- Genade en verlossing in Christus wat jou instaat stel om ‘n nuwe lewe te leef.
- ‘n Lewe van geregtigheid en heiligheid.
- Geen veroordeling.

7

# Gedoop in Christus

Gal_3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee

- Deur gedoop te word in Jesus Christus, word ons ook begrawe in sy dood maar word dan weergebore as ‘n nuwe mens – en nou lyk ons klere anders.
- Nou het ons Christus aangetrek.



8

## Beklee jou met eienskappe wat pas by 'n kind van God

Kol_3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.. 13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. 14 En **beklee julle bo dit alles met liefde** wat die band van die volmaaktheid is. 15 En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar. 16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. 17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.



9

## Beklee met wit klere

Openb 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.



Hoe oorwin ons?
Jesus Christus maak dit moontlik!

1Joh_4:4 Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.

1Joh_5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.

Openb_12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

10